

11 Augustus

Filemon: 8-22, (Teks: vers 11)

God se liefde verander lewens

In die lewe van Onesimus sien ons die lewensveranderende krag van God se liefde in Jesus Christus geopenbaar. Sy hele lewe, ook sy verhouding met ander, het hierdeur ingrypend verander. Dis geheel en al omvorm, heeltemal nuutgemaak! Dit blyk duidelik uit die vergelyking tussen wie en wat hy vroeër was en wat hy nou is. Voorheen was hy net 'n slaaf, 'n dwangarbeider, 'n onbruikbare niksnuits, 'n droster wat moes vlug voor die gereg. Maar nou is hy meer as net 'n slaaf; hy het 'n geliefde broeder geword; 'n gewillige en 'n bruikbare dienskneg, nie alleen vir Filemon nie, maar ook vir Paulus. Anders as vroeër, het hy nou in Paulus ook 'n voorspraak, 'n pleitbesorger gehad, iemand wat vir hom omgee het en sy belange op die hart gedra het. Sy lewe het soos 'n handomkeer verander!

Hoe? Deurdat hy in die gevangenis tot geloof gekom het! Daar het hy gehoor van God se genade in Jesus Christus, van sy liefde waardeur Hy ons uit die slawerny van ons sonde losgekoop het. Dit het hom in die hart gegryp en het sy lewe vir altyd verander. En deur dié liefde, so het Paulus vas geglo, sou ook die verhouding tussen Onesimus en Filemon nuutgemaak kon word.

Wat 'n heerlike troos is dit nie vir elkeen van ons nie! Ons lewens kan verander; ons sinlose bestaan en ons stukkende verhoudings kan nuut word! As ons lewe uit die krag van God se liefde.

Sing: Skrifberyming 24:2
(Delareyville)

Ds. AJ. Myburgh